*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 8 Februarie 2026**

## Die unieke gesag van Jesus: Die Woord wat heelmaak, verander, dra en troos...

*"'Daarom het ek my ook nie waardig geag om self na U te gaan nie; maar sê net 'n woord, en laat my slaaf gesond word. Want ook ek is 'n man wat onder gesag staan, met soldate onder my bevel. Vir die een sê ek, 'Gaan!' en hy gaan, en vir 'n ander, 'Kom!' en hy kom. Vir my slaaf sê ek, 'Doen dit!' en hy doen dit.'*
*Toe Hy dit hoor, was Jesus verwonderd. Hy het omgedraai na die skare wat Hom gevolg het, en gesê: 'Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek nie so 'n groot geloof gevind nie.'"*
(Lukas 7:7-9)

Die centurio (offisier oor honderd man) in hierdie gedeelte uit Lukas se Evangelie, het geweet wat gesag beteken. Hy het geweet wat dit beteken om te praat en dan gehoorsaam te word. Al het hy baie mag en gesag in ander dele van sy lewe gehad, was hy hulpeloos wanneer dit by sy slaaf se genesing gekom het. Hy het Jesus nodig gehad. Ons voel self ook dikwels magteloos, soos die centurio in situasies waaraan ons niks kan doen nie. Ons hou daarvan om te dink dat ons beheer het oor ons lewens — oor ons gesondheid, ons finansies en alles wat ons veiligheid gee. Tog kom ons, soos die centurio, by tye in ons lewens waar ons die perke van ons eie vermoë opnuut weer besef. Tye wanneer ons nie dinge kan beheer of laat gebeur nie. Soos wanneer ons onsself magteloos bevind in die aangesig van siekte of ander teëspoed.

Die centurio het nie op sy eie krag gesteun toe dit by sy siek slaaf gekom het nie — hy het op God gesteun. Dit is merkwaardig hoeveel erkenning die centurio aan Jesus gee. Hulle kom uit verskillende wêrelde, en Jesus se wêreld was in baie opsigte ónder dié van die centurio. 'n Mens sou nie verwag dat die centurio na iemand soos Jesus sou draai vir hulp nie. Tog het die centurio van Jesus gehoor. En om van Jesus te hoor, was om te weet dat Jesus nie omgee om sosiale grense oor te steek nie. Om van Jesus te hoor, was om te weet dat Hy mense raaksien wat ander miskyk. Om van Jesus te hoor, was om te weet dat Hy iets het wat heelheid kan bring vir sy kosbare slaaf. Die centurio het geglo. Hy het vertrou op die krag van God wat in Jesus sigbaar geword het. Hy't op die unieke gesag van Jesus vertrou — 'n gesag wat homself vrylik gee ter wille van genesing en nuwe lewe.

Jesus het 'n nuwe soort gesag gehad, nie een wat Homself wil bevoordeel nie, maar 'n gesag wat ander wil red. Deur ons verbondenheid aan Christus dra ons iets van dieselfde gesag wat die centurio in Jesus raakgesien het. Ons word self ook geroep om draers te wees van Gods woord wat vandag nog steeds gesag dra, vandag nog heelmaak, verander, dra en troos…

**Ds. Janke Hurter.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend – in die kerk, gelei deur ds. Janke Hurter en ons orrelis, dr. Johan Cromhout; in die saal deur ds. Jan Lubbe en Matildie Wium. Welkom aan alle besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Op die tafel agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke vir gebruik in die diens.

<u>**LITURGIE**</u>

**Verwelkoming en aansteek van Wydingskers**

**Wydingslied:** “Soos ‘n wildsbok” (Lied 163:1 – in Liedboek)

<u>Vers 2</u>:
Ek soek U meer as goud en silwer,
want net U versadig my.
Net by U vind ek ware vreugde,
deur u Gees wat in my bly.

<u>Vers 3</u>:
Al is U ook die Hemelkoning;
U’s my vriend, my broer, my Heer.
U verdien al my eer en liefde,
daarom buig ek voor U neer.

<u>Refrein</u>:
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

**Toetrede:** “Sal U my dra” (gedig deur Koos van der Merwe)

**Seëngroet**

**Loflied:** “Loof die Here, al wat lewe” (Lied 203:1, 2 en 5)

**Oproep tot skuldbelydenis:** Jesaja 30:15 en 18

**Stilte vir verootmoediging**

**Genadeverkondiging:** 1 Johannes 1:5-7

**Danklied:** “Ere aan God” (Lied 369 – Afrikaans, Latyn, Afrikaans)

**Oproep aan doopouers, geloofsbelydenis en gebed:** Lied 287:3

**Epiklesegebed**

**Skriflesing:** Lukas 7:1-10

**Verkondiging**

**Gebedslied:** “Vader, Seun, Heil’ge Gees” (Lied 450:1 en 2)

**Offergawe van liefde en dank**

**Slotlied:** “Op berge en in dale” (Lied 509:1, 2 en 4)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 8 Feb | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Wyksbyeenkoms in Jeugkamer, en elders soos gereël. |
| Sondag, 15 Feb | 09:30 – Ds Jan Lubbe (Nagmaal); gesinsdiens in saal ds Janke Hurter |
| | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Magdaleen du Toit (Preek van die Leek). |

**Kleingroep/Wyksbyeenkoms, Sondag 8 Februarie 2026**

Ons eerste kleingroep/wyksbyeenkoms vir 2026 vind vandag plaas – sien die ingeslote bladsy. Die besonderhede vir wie, waar en hoe laat, is as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Wyk 3** | 18:00 | Kmdt. Senekalstraat 3 | Karen Klindt |
| **Wyk 6 e.a.** | 18:00 | Riethaanlaan 2, Woodlands | Johan en Riana de Beer |
| **Wyke 9 & 10** | 15:30 | Siësta | Geo Jooste<br>& Claudine Engelbrecht |
| **Wyk 11** | 18:00 | Waverleyweg 178 | Pieter le Roux |
| **Wyk 12** | 18:00 | Lilyvaleweg 4A | Marius en Ellen-Anne Swart |
| **Wyk 14** | 17:00 | Van der Stelstr. 5 | Christo Boshoff |
| **Wyk 15** | 15:00 (22/2) | Serenitas Gemeenskapsaal | Wynand Retief |
| **Wyk 16** | 17:30 | Kiepersolpark 7 | Faan & Benita Hancke |
| **Wyk 17** | 16:00 | Noorderbloem | Menitza Gutter / ds Jan Lubbe |
| **Wyk 18** | 10:00 (11/2) | Santé Aftree-oord | Stoffel du Raan |
| **Wyk 20** | 16:00 | Dealeweg 69 | Faan du Toit |
| **Jong Gesinne** (kinders en swemklere) | 12:00 | Alsacestr. 11, Bayswater | Jacques Potgieter / ds Jan |
| **Wyke 1, 2, 4, 5, 7, 8, 13 en 19** | 18:00 | Jeugkamer | Ds. Jan Lubbe |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

08 Feb. Lana Erasmus, Leandra Kruger en Frans O'Neill.
09 Feb. Marian Janse van Rensburg en Marietjie Vermaak.
10 Feb. Hendro Bothma, Bernard Haasbroek, Monet Meyer, Gert Olivier, Elzna Pienaar, Dandré Pretorius, Letitia Pretorius, Regard Scheepers en Chantelle Stadler.
11 Feb. Natasja Badenhorst, Wiaan Herbst en Elaine Human.
12 Feb. Christo Boshoff, Niël Snyders en Hanneré Snygans.
13 Feb. Christina Jooste.
14 Feb. DP Swart.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Oom Johan Badenhorst (Siësta, wyk 10); Tannie Trudie Roode (Gratias 49, wyk 15c); Tannie Letitia Pretorius (Dealeweg 1, wyk 19a) en Tony O'Reilley (Bayswater). Ons dink ook aan prof Johan en Stella van Staden, by die ongeluk van hul seun – en so, aan elkeen wat 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

U sou waarskynlik ook reeds verneem het dat Lienkie Marais, die eggenote van ds Johan, in die afgelope week toetse ondergaan het en 'n breingewas by haar gediagnoseer is. Sy word môre in die hospitaal opgeneem vir verdere toetse en sal daar dan oor behandeling besluit kan word. Vanweë die erns hiervan dra ons haar en hul as gesin in besonder aan die Here op met die bede dat Hy naby hulle sal bly.

Die kerkraad het aan ds. Johan verlof toegestaan tot die 18e Februarie.

Vir Pastorale Sorg in hierdie tyd: Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Sewe tekste uit sewe dekades van Berg-en-Dal se lewe voor Gods aangesig – III (1975-1982)."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Jan Lubbe.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

Baie dankie aan almal wat in Januarie vir ons gasvryheid gesorg het; in Februarie is **Wyke 7** (blok tussen kerkgebou, Prellerplein en Emily Hobhouseplein) en **8** (blok noord van Emily Hobhouse) aan diens; Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**Ons bedieningsvergaderinge vir die jaar het afgeskop – hierdie week: Ondersteuning!**

| | |
|---|---|
| Komitee vir Diensverhoudinge (Personeelsake) | Maandag, 17:30 (Jeugkamer) |
| Komitee vir Eiendomme | Dinsdag, 18:00 (Jeugkamer) |

**EREDIENSBEDIENING**

**Aswoensdag:** Lydenstyd van 2026 (die sewe weke, ses Sondae) tot met Paasnaweek (in Engels: "Lent"; 'n tyd van na binnekeer) begin op **18 Februarie** – ons nooi jul solank na die Wydingsdiens, om 18:00, op Aswoensdag.

**GEMEENTEBEDIENING**

**Seniorbediening:** Alle lidmate 65+ word uitgenooi na hierdie Woensdagoggend, 11 Februarie, se eerste byeenkoms van ons Seniors, om 09:30 in die Jeugkamer: Kom kyk en luister saam na *"In die begin – vertellings oor Berg-en-Dal se eerste jare".* Met verversings!

**Vrouebediening: Dankie-sê.** Februarie is tyd vir ons dankie sê-insameling – 'n besondere manier om deur jou bydrae, 'n verskil te maak op soveel terreine waar vroue uit ons gemeente by noodleniging en ontwikkelingshulp betrokke is. Neem gerus 'n koevertjie...

**GETUIENISBEDIENING**

**Gemeentemark:** Ons eerste poging vir 2026 het 'n groot opbrengs gelewer – R 7 214! Baie dankie aan almal vir bydraes en hulp; met hierdie fondse ge-ïn, help ons ander in nood.

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dank-baarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 8 Februarie: **Kategese.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**